



GEESTELIKE REIS

My Geestelike Reis Tot Dusver


Het dit jou al ooit bygeval dat jou lewe 'n storie is wat op die oomblik geskryf word – 'n storie van betekenis en waarde?

Een van die belangrikste oefeninge van hierdie dissipelskap model is, om na te dink oor jou lewensverhaal tot en met hierdie oomblik – ons noem dit jou Geestelike Reis. Hierdie oefening help jou en jou groep verstaan waar jy tans is in jou geestelike reis. Dit mag dalk vir jou 'n moeilike oefening wees, maar weet dat jy verseker die voordeel van dit sal sien soos jy begin dink aan die waardevolle gebeurtenisse en patrone in jou lewe. Dit kan jou dalk 'n paar minute vat om te voltooi of dit kan jou weke vat om te voltooi – dit hang net af hoe diep jy begin nadink oor jou lewe.


Hier is hoe jy dit moet doen: Jy gaan die geleentheid kry om op die volgende bladsy 'n prentjie van jou lewensstorie te

teken. Jy gaan 'n lyn grafiek teken wat die verskillende draaie van jou lewe aandui. Gee 'n naam vir elke keer as jou lewe in 'n rigting gedraai het – wat was daardie gebeurtenis? Jy kan aan hierdie gebeurtenisse dink as die name van 'n nuwe hoofstuk in jou storie. Dit kan beduidende gebeurtenisse wees, oomblikke waar dinge verander het – verandering in uitkyk, ervarings, moeilike tye of oorwinnings. Wat egter belangrik is, is dat wanneer jy na die prentjie kyk, dit 'n eerlike tentoonstelling van jou geestelike reis tot dusver sal wees. Maak 'n sterretjie waar jy glo jy werklik 'n volgeling van Jesus geword het. Daar is ook 'n paar voorbeelde. Jy kan jou prentjie op die volgende bladsy teken.

VOORBEELD A



VOORBEELD B



My Geestelike Reis tot Dusver

Verdeel hierdie tydlyn in segmente wat jou geestelike reis die beste verteenwoordig.
Teken 'n sterretjie waar jy glo jy tot bekering gekom het.

Positiewe Geestelike Ervarings

Negatiewe Geestelike Ervarings

GEBORTE

VANDAG